

VOLKSKOOL
Graaff-Reinet
ONS SAL HANDHAAF

Belangrike Inligting:


Uit die Kantoor Bl.2-3

Datums Bl. 4-5


# VOLKSIENUUS

17 April

# UIT DIE KANTOOR

Baie welkom terug aan elke leerder, personeellid en ouer vir Kwartaal 2. Ons vertrou dat die vakansie vir almal 'n tyd van rus en herlaai was, en dat ons nou met nuwe energie die kwartaal aanpak.

Ons wil graag 'n opregte woord van dank rig aan elke ouer wat Maandag, 13 April, deel was van die ouer-onderwyservergadering. Julle betrokkenheid en ondersteuning beteken baie vir ons skoolgemeenskap.

Huis Cronjé se opedag vind plaas op Maandag, 20 April, wat ook ons Hoërskool se Ontdekkingsdag is. Die skool sal op dié dag om 10:30 verdaag, met leerders wat help om ons fasiliteite trots aan besoekers te wys en die Volkskool-gasvryheid uit te leef.
**Met die opedagreëlings vra ons dat alle leerders korrek aangetrek en netjies sal wees, ons wil 'n professionele en trotse beeld van ons skool uitdra.**

Hierdie naweek neem ons sportspanne die pad na Westering High School. Ons wens elke leerder sterkte toe en vertrou op 'n veilige reis en 'n goeie sportdag vol trots en spangees.

Huiswerkperiodes hervat weer soos normaal, en leerders wat nie hul werk in die klaskamer voltooi nie, sal tydens hierdie periodes die geleentheid kry om dit in te haal.

Die 9de periode vir ons matriekleerders gaan ook voort, met hul roosters wat reeds beskikbaar is. Ons wens julle sterkte toe met die belangrike werk wat voorlê.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 18 April: | Boogskiet (tuis)<br>Sarah Baartman: Netbalproewe<br>Sportdag: Westering (weg) |
| 20 April: | Beheerliggaam vergardering |
| 21 April: | Podiumpret Redenaars |
| 25 April: | Sport teen Despatch High School<br>- Rugby, Hokkie, Netbal (tuis) |
| 27 April: | Vryheidsdag |
| 28 April: | Onderwêreldopvoering |
| 29 April: | LLR vergarder<br>Sport teen Hoërskool Middelburg<br>- Rugby en Netbal (weg) |
| 1 Mei: | Werkersdag |
| 2 Mei: | Mnr. Neil Schreuder verjaar |

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 8 Mei: | LLR Civiedag |
| 9 Mei: | Sport teen DF Malherbe<br>- Rugby, Hokkie, Netbal (weg) |
| 10 Mei: | Moedersdag |
| 13 Mei: | Bloedskenk<br>LLR vergadering<br>Me. Shirley Retief verjaar |
| 14 Mei: | Hemelvaartdag |
| 15 Mei: | Hokkie teen Framesby (tuis)<br>Huis Cronjé Springbokjag |
| 16 Mei: | Hokkie teen St Dominic's (tuis)<br>Rol vir Kanker |
| 21 Mei: | Stoeptasting<br>Mnr. Rudolp Torlage verjaar |

# SPORT

## Eerste rugbyspan neem deel aan Oakdale Rugbyweek

Gedurende die vakansie het ons eerste rugbyspan aan die Oakdale Rugbyweek deelgeneem en sterk vertonings gelewer. Hulle het gelykop gespeel teen Hoërskool Montagu (19–19), ’n naelbyt-oorwinning behaal teen Die Anker Skool (22–19), en net-net vasgeval teen Marais Viljoen (29–31).

’n Oor die algemeen trotse vertoning vol stryd en spangees.



## Rory Sullivan Senior Rugby & Hockey Festival

Ons eerste hokkiespan het gedurende die vakansie sterk presteer en goeie resultate behaal in hul reeks wedstryde. Hulle het oorwinnings ingepalm teen Riebeek College (6–1), Outeniqua Invitational (3–1) en Victoria Girls’ High (10–0), met ’n taai wedstryd teen Sasolburg inwaar hulle 1–7 vasgeval het.

’n Reeks wat goeie spangees, harde werk en waardevolle ervaring weerspieël.



## Volkskool trots op wêreldverhoog

Jean van Wyngaard het Volkskool met trots verteenwoordig by die RCFA Open World Championships in Vanderbijlpark. Onder leiding van afrigter Gert van der Merwe het hy sterk teen internasionale kompetisie presteer en 'n welverdiende bronsmedalje in sportboks verower.

'n Prestasie wat getuig van harde werk, dissipline en toewyding – baie geluk aan Jean en sy afrigter!



## Uitnemendheid in die water

Kate-Lynn Kruger het Volkskool met trots verteenwoordig by die SA Junior Ouderdomsgroep-swemkampioenskappe in Gqeberha. Sy het in sewe items deelgeneem en in elkeen 'n persoonlike beste tyd behaal, met 'n uitstaande 3de plek in die 200m borsslag en sterk 4de plekke in die 200m wisselslag en 100m borsslag.

'n Prestasie wat getuig van harde werk, fokus en deursettingsvermoë – baie geluk, Kate-Lynn en span!



**Kwartaal 2 skop sterk af teen Burgersdorp**

Ons het die tweede kwartaal afgeskop met ’n tuisbyeenkoms teen Hoërskool Burgersdorp in moeilike, reënerige omstandighede, maar met baie gees op en van die veld.

Op die rugbyveld het ons spanne sterk vertonings gelewer, met oorwinnings vir die o.15’s (24–17), o.16’s (33–5), terwyl die o.14A’s (14–7) en tweedespan waardevolle stryd gelewer het. Die eerstespan het ook ’n goeie oorwinning van 13–5 behaal.

Op die hokkieveld het die spanne ook goed gevaar met oorwinnings vir o.16 (3–1), derde span (1–0), terwyl die tweedespan in ’n noue wedstryd 2–3 verloor het. Die eerstespan het ’n oortuigende 11–1 oorwinning behaal.

Op die netbalbane is sterk gees en deursettingsvermoë gewys met ’n oorwinning vir die o.16B’s (8–0), ’n gelykop vir die o.18B’s (10–10) en harde wedstryde regoor die res van die spanne.

’n Naweek wat gekenmerk is deur trots, spanwerk en Volkskool-gees.

**AVasbyt op nasionale vlak**

Vincent Pienaar het Camdeboo Athletic Club in die o.18-afdeling by die SA Nasionale Club Championships verteenwoordig en 'n 26ste plek behaal.

'n Mooi prestasie wat getuig van harde werk en deursettingsvermoë – baie geluk, Vincent!



# KULTUUR

## ATKV Redenaars wys Volkskool-gees

Ons trotse redenaars het vandag aan die streeksrondte van die ATKV Redenaarskompetisie by Hoërskool Nico Malan in Humansdorp deelgeneem. Met selfvertroue en toewyding het elke deelnemer Volkskool met trots verteenwoordig.

Die uitslae van die rondte sal eers oor 'n paar weke bekend gemaak word. Ons is reeds trots op elke leerder wat die moed gehad het om op te staan en hul stem te laat hoor.




## Volkskool-debatspan maak sterk indruk in Oos-Londen

Ons eerste hokkiespan het gedurende die vakansie sterk presteer en goeie resultate behaal in hul reeks wedstryde. Hulle het oorwinnings ingepalm teen Riebeek College (6–1), Outeniqua Invitational (3–1) en Victoria Girls' High (10–0), met 'n taai wedstryd teen Sasolburg waar hulle 1–7 vasgeval het.

'n Reeks wat goeie spangees, harde werk en waardevolle ervaring weerspieël.



# ALGEMEEN


NETBAL BESIGHEIDSLIGA
HOËR VOLKSKOOL
REGISTRASIE EN EERSTE WEDSTRYD
MAANDAG, 4 MEI 2026
HOËR VOLKSKOOL SE NETBALBANE
TYD 17:30
SCAN ME



## REËLS EN REGULASIES

**Kostes:**
- R100 – Volkskool skoliere
- R150 – Volwassenes en buite skoliere

**Ouderdomsbeperking:**
- Deelnemers moet ouer as 14 jaar wees

**Spanformaat:**
- 7–12 spelers per span
- Maksimum van 4 mans mag gelyktydig op die baan wees

**Wedstrydformaat:**
- Vinnige wedstryde van 9 minute aaneenlopend
- Elke wedstryd sluit 'n 2 minute *Power Play* in – alle doele in hierdie tyd tel dubbel!
- 1 minuut ruil

VOORDELE VIR JOU BESIGHEID OM DEEL TE NEEM:

**Netwerkgeleenthede**
- Bou waardevolle verhoudings met ander sake-eienaars
- Skep nuwe vennootskappe en samewerkingsgeleenthede

**Spanbou**
- Verbeter werksvoldoening en lojaliteit
- Bevorder 'n gesonde balans tussen werk en ontspanning

**Positiewe gemeenskapsbetrokkenheid**
- Wys dat jou besigheid aktief in die gemeenskap belê
- Bou 'n goeie reputasie en versterk vertroue by kliënte



**Laaste dag van inskrywings op 20 April 2026**
**Kapteinsvergadering op 27 April 2026**

# ROL VIR KANKER

*aangebied deur*

*Hoër Volkskool en Graaff-Reinet Kankervereniging*

**16 | MEI 2026**

**Koste: R200 per persoon**

**Formaat: Pare / Pairs**

**Plek: Rolbalklub**

**Tyd: 08:15**

**Ingesluit:**

**Begin die oggend met 'n heerlike ontbytbroodjie saam met 'n lekker koppie koffie of tee.**

**Geniet later 'n bederf tydens teetyd, gevolg deur 'n smaaklike middagete.**

**Navrae en inskrywings**

**Francois Oosthuizen - 082 440 9277**

**Neil Colyn - 083 461 5667**

# ROL VIR KANKER

*aangebied deur*

*Hoër Volkskool en Graaff-Reinet Kankervereniging*

**16 | MEI 2026**

<u>**Steakete en Langarm dans**</u>

**Plek: Rolbalklub**

**Tyd: 18:30**

Ons begin die dag met 'n gesellige rolbaldag, waar vriende en familie saam kan kuier en 'n verskil maak. Die aand bederf ons jou met 'n heerlike steakete, gevolg deur lekker langarm dans wat die voete aan die gang sal hou!

Kaartjies is slegs R150 per persoon.

<u>Navrae</u>

Francois Oosthuizen - 082 440 9277

Neil Colyn - 083 461 5667

HOËR VOLKSKOOL

ONS SAL HANDHAAF

GRAAFF-REINET

CANCER ASSOCIATION

## VolksiesGRT RC

Sluit aan by ons WhatsApp groep

**Voordele:**

- ASA-registrasie beskikbaar
- Twee weeklikse hardloopsessies
- Saterdag gemeenskapshardloop saam met *Active*
- Alle vlakke welkom (beginner tot ervare hardlopers)




Volkskool Oudskoliere Graaff-Reinet
GHOLF JAG 2026
G J
CHARGO
GRAAFF-REINET
VOLKSKOOL
Datum: 11 Junie: 17:30 by Rolbalklub, ete en inligtingsessie.
12 Junie: Jag en veldbraai.
13 Junie: Gholf. Ete en prysuitdeling by Gholfklub
14 Junie: Vertrek
Spanlede: Span van 4 lede
Koste: R8 000 per persoon
Koste sluit in: 3 x nagte verblyf in gastehuise in Graaff-Reinet
Smaaklike Karoo-etes
Oos-Kaap jaglisensie en dagfooie vir jagplase
2 x Springbokke (Ekstra bokke kan gereël word teen koste)
Gholf
Verwelkomingspakkie, hemp en hoed ingesluit
Kom geniet die béste van die Karoo ...
Speel gholf op Graaff-Reinet se pragtige baan,
geniet ñ besonderse jag soos net hierdie omgewing kan
bied en ervaar ware Karoo-gasvryheid!
Navrae | Danie van der Nest | 082 922 0248

# gedagte vir die week

**In die gejaag van elke dag kan die lewe maklik soos ’n “rat race” begin voel – altyd besig, altyd op pad na die volgende ding.**

**Maar soms lê die grootste waarde nie in hoe vinnig ons hardloop nie, maar in hoe bewus ons leef.**

**Vat ’n oomblik om asem te haal, om dankbaar te wees en om die klein oorwinnings raak te sien. Dis nie net waarheen jy oppad is wat saak maak nie, maar ook hoe jy die pad stap.**